

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 4

BOEKHOU VIR REGSPRAKTISYNS

5 NOVEMBER 2020

14:00-16:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate mag sakrekenaars gebruik.
2. Maak seker dat in u antwoorde die betrokke inskrywings duidelik herkenbaar, beskrywend en volledig is.
3. Maak aparte besigheids- en trustkasboeke asook grootboekrekeninge vir kliënte oop en moet dit nie kombineer nie. Joernaal-inskrywings moet behoorlik herkenbaar en beskrywend/verhalend wees.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Kandidate hoef nie 'n mondeling af te lê as 50% of meer behaal is nie, behalwe in uitsonderlike omstandighede. Kandidate wat minder as 40% behaal, kwalifiseer nie vir 'n mondeling nie en het in hierdie afdeling gedruip.

VRAAG 1**[10]**

- 1.1 Wat is die verpligtinge wat geplaas word op 'n verantwoordbare instelling in terme van die "Financial Intelligence Centre Act 38 of 2001"? (5)
- 1.2 Wat is die doel van 'n trust-proefbalans? (1)
- 1.3 Watter stappe moet 'n regspraktisyn doen, wat praktiseer met 'n trustrekening, indien hy/sy 'n trusttekort ondervind? (2)
- 1.4 Wanneer moet 'n rekeningstaat aan 'n kliënt gelewer word? (2)

VRAAG 2**[40]**

U stuur die volgende staat aan u korrespondent wat u van instruksies voorsien het om namens sy kliënt Green op te tree in 'n invorderingsaangeleentheid en die registrasie van 'n Trust.

Green vs Skuldenaar

Fooi Lasbrief vir Eksekusie	1 500	500
BTW	225	75
Betaal Balju	3 000	
EFT Skuldenaar		50 000
Invorderingskommissie	3 000	1 000
BTW	450	150
Opstel onderneming	3 000	1 000
BTW	450	150

Registrasie van 'n Trust

Betaal Registrateur	2 000	
Betaal Advokaat-Regsopinie	10 000	
Fooi vir opstel van Trust	6 000	2 000
BTW	900	300
EFT aan u	24 650	
	<u>55 175</u>	<u>55 175</u>

Boekstaaf al die inskrywings in die Trust- en Besigheidskasboeke, Joernale en Grootboeke.

VRAAG 3**[37]**

U is die oordragsprokureur. Avi verkoop grond wat aan hom behoort aan Vuyo vir die verkoopsprys van R300 000.00, welke bedrag deur hom betaal moet word in die oordragsprokureur se trustrekening. Die volgende transaksies het plaasgevind:

1. Die eiendomsagent stuur aan u sy pro-forma staat in verband met die kommissie ten bedrae van R10,000.00, betaalbaar op datum van registrasie.

2. U ontvang betaling van die verkoopsprys vanaf Vuyo per EFT. U is gemagtig in terme van die ooreenkoms om die bedrag te belê in 'n rentedraende rekening tot voordeel van Vuyo. U belê die bedrag by Investec.
3. U lewer aan die Koper u pro-forma rekeningstaat van R11,900.00 ten opsigte van die oordragskoste. Vuyo deponeer onmiddellik die koste bedrag by wyse van EFT asook 'n verdere deposito van R100,000.00. U besluit om hierdie deposito ten bedrae van R100,000.00, te belê te ABSA Bank.
4. Die oordrag is geregistreer. U roep albei beleggings op. U ontvang rente van R3,000.00 vanaf Investec en u betaal die begunstigdes daarvan. U ontvang rente van R1,200.00 vanaf ABSA Bank en u betaal die begunstigde daarvan.
5. Vuyo voorsien u van instruksies om gekwoteerde aandele van R100,000.00 aan te koop en u betaal die aandelamakelaar dienooreenkomstig. Vuyo voorsien u van instruksies om die aandele te verkoop, welke aandele R65,000.00 realiseer.

Daar word van u vereis om bogemelde transaksies in u rekenkundige rekords aan te teken. Geen voorsiening hoef gemaak te word vir BTW.

VRAAG 4

[13]

U besigheidskasboek reflekteer 'n oortrokke balans van R65,000.00 op 30 Junie 2020. Die bankstaat reflekteer 'n oortrokke balans van R47,000.00. 'n Vergelyking van die twee openbaar die volgende:

- (a) Rente op die oortrokke rekening ten bedrae van R1,000.00 word nie in die kasboek gereflekteer nie.
- (b) Betalings bewerkstellig, ten bedrae van R9,000.00 word nie gereflekteer op die bankstaat nie.
- (c) 'n Deposito van R5,000.00 word nie gereflekteer op die bankstaat nie.
- (d) 'n Trust betaling gemaak ten bedrae van R1,500.00 verskyn op die besigheidsbankrekening.
- (e) 'n Debietorder betaling ten bedrae van R2,500.00, ten opsigte van u voertuig, word nie gereflekteer in die kasboek nie.
- (f) 'n Trust deposito ten bedrae van R9,000.00 is foutiewelik gekrediteer op die besigheidsrekening.
- (g) 'n Elektroniese deposito ten bedrae van R10,000.00 verskyn nie in die kasboek nie.

Daar word van u vereis om die volgende voor te berei:

- 4.1 Die aanvullende kasboek vir Junie 2020.
- 4.2 Die bankrekonsiliasierekening vir Junie 2020.

- DIE EINDE -
